*Woensdag* **22 Januarie**

**Skrifgedeelte: Filippense 2:5-11**
**Fokusgedeelte: Filippense 2:5-11**

**Wat is jou gesindheid?**

Paulus skryf die brief aan die gemeente in Filippi uit die tronk uit. ’n Mens sou verwag dat dit dan hoofsaaklik sal handel oor moeite, verdriet, beproewing en lyding, maar dit wat ons lees en ervaar, is heeltemal die teenoorgestelde. Paulus skryf in hierdie brief meer oor die vreugde van gelowige-wees as in enige ander brief. Maak nie saak wat met my gebeur nie, dit is ’n vreugde om aan die Here te behoort. Ons sien dit so wonderlik in hierdie loflied in Filippense 2:5-11.

Hierdie loflied begin met die woorde: *“Dieselfde gesindheid wat in Jesus was, moet ook in julle wees!”* Dit is ’n oproep om dadelik jou hart te deurgrond en te kyk na jou hele lewensingesteldheid. Wat is jou gesindheid, wat is vir jou belangrik? Is jy al so deur die swaar van die lewe, deur wat jy beskou as jou daaglikse realiteit, platgetrek dat alles net vir jou voel soos moeite, alles net donker lyk, of kan jy soos Paulus selfs uit die tronk uit jou loflied laat hoor?

Wat was Jesus se gesindheid? Hy is God Self, wat die gestalte van ’n slaaf aangeneem het, die hemelse heerlikheid soos ’n kleed afgegooi het, om na hierdie aarde te kom. Hy is verneder, Hy is verag, gespot, geslaan, alles vir JOU. Dit plaas dadelik die klem terug by jou. Hoe reageer jy wanneer jy hierdie loflied hoor? Jubel jou hele wese saam met Paulus: “Jesus Christus is Here!”? Jesus het hierdie vernedering ondergaan sodat ons kan jubel, sodat die juk van die sonde en die ewige dood vir ewig van elke gelowige afgegooi is, sodat ons nou kan lewe as dankbare, jubelende offers vir God. Dit is ons gesindheid, ons uitgangspunt, ons dryfveer.

*Sing: Skrifberyming 5-2:1, 5, 9, 10*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*